

Oggenddiens

PREEKSKETS: Matteus 4: 1 – 11 & Filippense 4: 4 – 9

Bid soos die Here dit wil, en kies dan tot sy eer!

1. Daar is altyd 'n verband tussen ons gebede en ons keuses.
2. Gebed is aanbidding van die ware God.
3. Smeek die Here om jou staande te hou ten spyte van versoekings.

Aanddiens

PREEKSKETS: Markus 7: 6 – 13

'n Duiwelse vroomheid is nie ware vroomheid nie.

Ja die duiwel kan homself baie vroom hou. Hy kom mos na Jesus met Bybelverse om Hom daarmee te versoek. Soos wat hy Jesus aangeval het, kom hy ons ook aanval. Hy kom na ons as 'n engel van die lig.

Dieselfde boosheid skuil in ons hart. Nie so erg as die duiwel nie, maar dit is daar. Die duiwel probeer hierop inskakel. So vervolmaak mense ook die kuns om die Bybel te misbruik. Hulle praat en dit klink baie vroom, maar dit is 'n duiwelse vroomheid.

Met mooi klinkende woorde versier hulle hulle eie sonde. Jesus het ook met sulke mense te doen gehad. Hy het dwarsdeur hulle gesien. Hier in Markus 7 het Hy hulle ontbloot sodat sy dissipels nie deur sulke mense om die bos gelei sal word nie.

Miskien bedrieg ons onself met ons eie mooi woorde. Ons lei onself om die bos om te dink dat God 'n sondige lewe goedkeur. So maak ons onself baie seer. Daar is geen lewe voller met vreugde en vrede as juis die lewe in Christus nie.

Bybel-misbruikers gee voor dat hulle edele motiewe het: "Ons wy al ons besittings aan die Here", sê hulle. Dit beteken pa en ma kan niks kry nie. Hoe graag hulle dit ook kamstig sou wou gee. Maar hulle lieg. Hulle wy hulle besittings nie aan die Here nie, maar aan hulleself.

